# DR. W.J. LEYDS SE GEHEIME OORLOGSBEDRYWIGHEDE

**Dr. L.E. van Niekerk**
*Universiteit van Suid-Afrika*

In 1884 het die jong Nederlander dr. W.J. Leyds die betrekking van Staatsprokureur van die Zuid-Afrikaansche Republiek aanvaar. So goed het hy hom van sy taak gekwyt dat hy vier jaar later tot Staatsekretaris van die Z.A.R. verkies is. Hierna is hy in Mei 1898 as Gevolmagtigde Minister en Buitengewone Gesant van die Z.A.R. in Europa aangestel. As sulks was hy by ses Europese howe geakkrediteer. Die feit dat die Anglo-Boereoorlog gedurende Leyds se gesantskap uitgebreek het, het natuurlik sy taak as gesant geweldig bemoeilik en sy pligte vermenigvuldig.

Sy werk as gesant het baie vertakkings en fasette gehad, bv. die bestuur van 'n pro-Boerse perskampanje, die beheer van die Z.A.R. se finansiële bates in Europa, diplomatieke onderhandelinge met die verskillende Europese regerings in 'n poging om hulle tot bemiddeling te oorreed, die besteding van 'n hulpfonds wat vir die Boere gestig is, ens. Een van die interessantste aspekte van sy werk was egter wat genoem kan word sy geheime oorlogsbedrywighede, nl. die insmokkeling van boodskappe en krygsvoorrade na die Boere.

**Kommunikasie**

Dit was natuurlik uiters noodsaaklik vir Leyds om gedurende die Anglo-Boereoorlog met sy regering in verbinding te bly sodat hy juiste inligting oor die toestand van sake in die Boererepublieke kon bekom en kon weet wat sy regering van hom verlang. Die groot probleem was egter dat die kabelverbindings tussen Suid-Afrika en Europa, langs sowel die oos- as die weskus, in die vyand se hande was.[1] Brittanje het dan ook tydens die oorlog homself die reg toegeëien om, kragtens artikels VII en VIII van die Internasionale Telegrafiese Konvensie van 1875, sensorskap uit te oefen op alle telegramme en briewe afkomstig uit die twee Republieke.[2]

Die Britse regering het besef dat telegramme in geheime kodes vanuit die

1. Leyds het in 1896 vir Frankryk en Duitsland probeer oorreed om 'n kabelverbinding langs die ooskus as 'n gesamentlike onderneming aan te pak. Hierdie goeie plan is egter deur Duitse eise verydel. So 'n onafhanklike kabelverbinding sou vir die Boererepublieke tydens die Anglo-Boereoorlog van onskatbare waarde gewees het.

2. Hierdie twee artikels het soos volg gelui: Artikel VII: "The High Contracting Parties reserve to themselves the power to stop the transmission of any private telegram which may appear dangerous to the State, or which may be contrary to the laws of the country, to public order or decency." Artikel VIII: "Each government also reserves to itself the power to interrupt the system of international telegraphs for an indefinite period, if it judges it necessary, either generally, or only upon certain lines and for certain kinds of messages, upon condition that it immediately advises each of the other Contracting Governments." Ingevolge dié artikels het Brittanje die Oostenryks-Hongaarse regering gevra om die ander lande wat aan die Internasionale Telegrafiese Konvensie van 1875 in Oostenryk deelgeneem het van Brittanje se besluit te verwittig.

Republieke na Mosambiek en Zanzibar gestuur kon word. Daar kon agente die booskappe dan in nuwe kodes omsit en verder stuur. Sodoende kon die herkoms van die telegramme verdoesel word en die telegramme by die Britse sensors in Aden verbykom. Om dit te verhoed, is die deurstuur van alle private boodskappe in geheime kodes via Aden en die Aden-Zanzibarkabel verbied. Diplomatieke verteenwoordigers van neutrale moondhede sou natuurlik nog steeds boodskappe in kode aan hul regerings kon stuur. Om egter te verhoed dat die Republieke of hul Europese verteenwoordigers deur bemiddeling van vriendskaplik gesinde neutrale diplomate boodskappe wissel, is die Britse sensors in Durban en Aden aangesê om alle kabels in kode terug te hou. Verteenwoordigers van neutrale moondhede se boodskappe in geheime kodes sou alleen toegelaat word mits die Britse sensors van die sleutels tot die kodes voorsien is. Indien 'n boodskap dan iets bevat het wat as skadelik vir Britse belange in Suid-Afrika beskou is, sou dit nie deurgelaat word nie.[3]

Leyds het verskeie planne prakseer om by hierdie struikelblokke verby te kom. Een was om sy korrespondensie privaat aan sekere kapteins van posbote van die Duits-Oos-Afrikalyn te oorhandig. Die kapteins het op hul beurt die pakke korrespondensie persoonlik aan die Z.A.R. se konsul-generaal in Lourenco Marques, G. Pott, oorhandig. Pott het dan vir die verdere veilige deurstuur daarvan na Pretoria gesorg.[4]

Op soortgelyke wyse het Leyds reëlings getref om possakke na Parys te stuur van waar dit of via Marseilles, Reunion en Diego Suarez met Franse bote van die *Messageries Maritimes* na Lourenco Marques vervoer is, of anders via Brindisi, Macon en Montcenis na Zanzibar en van daar per geleentheid na Lourenco Marques.[5]

Soms het Leyds van kontinentale handelsfirmas gebruik gemaak om boodskappe "au clair"[6] in die firma se naam aan vriendskaplike firmas in Lourenco Marques te telegrafeer. Van Lourenco Marques is die boodskappe natuurlik verder na Pretoria deurgestuur.[7]

Toe gerugte die Britse departement van buitelandse sake in Desember 1899 bereik het dat dépêches van Leyds afkomstig aan boord van die Duitse posboot *Herzog* was, het dit aanleiding gegee tot heelwat besprekings en bespiegelings oor die moontlikheid om op die korrespondensie beslag te lê. F. Bertie, die assistent-onderminister van buitelandse sake, het egter daarop gewys dat dit moeilik sou wees om die skip op die oop see aan te hou en goed te deursoek. Dit sou alleen in 'n Britse hawe gedoen kon word. Boonop kon die passasier wat die dépêches in sy of haar bagasie versteek het, dit eenvouding vernietig sodra daar met 'n soektog begin word.[8]

Die vraag het ook ontstaan of, al sou hulle daarin slaag om die boodskappe te vind, hulle die reg sou hê om as oorlogskontraband daarop beslag te lê.

---

3. Foreign Office (Africa), Microfilm A316, vol. 440, p. 53.
4. Leydsargief, Band 457, I, G.Z.R. 4680/99, nr. 1303/99, p. 995.
5. Leydsargief, Band 457, II, p. 400.
6. 'n Boodskap "au clair" beteken 'n kodeboodskap wat op die oog af heeltemal verstaanbaar en onskuldig lyk maar waarvan sommige woorde 'n ander betekenis het bv. "2000 lb suiker op die 14de verskeep" mag in werklikheid beteken 2000 gewere is op die 14de verskeep.
7. Foreign Office (Africa), Microfilm A305, vol. 269, p. 63.
8. Foreign Office (Africa), Microfilm A314, vol. 434, pp. 36-37.
   F. Bertie aan Lord Salisbury, 14.12.1899.

Die opinie van die regsgeleerdes van die kroon is ingewin en dit was: "Since the Declaration of Paris the neutral flag covers the enemy's property unless it be contraband, but the current authority in text writers is undoubtedly in favour of the proposition that the despatches of a Diplomatic Agent to his own Government are privileged from examination."[9]

Die slotsom was dus dat tensy die Britte daarin kon slaag om boodskappe van koeriers af te neem, daar geen ander manier was om wettiglik in besit daarvan te raak nie.

Die Britse anneksasie van die Republieke en beheer oor die Lourenco Marques-spoorlyn het Leyds se kommunikasieprobleme vermenigvuldig. Nou kon hy nog slegs deur middel van koeriers en rapportryers enkele boodskappe van die Z.A.R. ontvang en op sy beurt aan sy regering besorg.

Vir hierdie geheime en gevaarlike diens het Leyds en die Boereregerings van talle persone gebruik gemaak. Sommige boodskappers het alleen gewerk, terwyl ander weer twee-twee opgetree het. Party van die koeriers, soos kmdt. Alleman en luit. Malan, was Boerekrygers; ander, soos dr. E. Schulz, was burgerlikes wat hulle bereid verklaar het om as boodskappers diens te doen.

Die boodskappe wat hulle gedra het, was natuurlik in kode. Leyds het vir sy kodeboodskappe onder meer van die *Woordenlijst voor de spelling der Nederlandsche Taal* van M. de Vries en L.A. te Winkel gebruik gemaak. Aan woorde uit dié woordeboek is dan 'n ander betekenis gegee, bv. "courier" het "salaris" beteken.

Dat dit lewensgevaarlik was om 'n koerier te wees, blyk uit 'n Britse berig dat 'n Oostenrykse graaf, Albert Was, op 14 Mei 1902 nege myl van die Portugese grens af doodgeskiet is onderwyl hy probeer deurkom het met rapporte van die Boere.[10]

Sommige Boererapportryers het net boodskappe van die kommando's af tot in Mosambiek gebring, van waar hulle dan met neutrale bote na Europa deurgestuur is. Die Britse konsul-generaal in Antwerpen het bv. in Februarie 1901 berig dat dépêches van die Boeregeneraals op Hollandse bote via Suez na Europa gestuur is. Die briewe is deur Portugese vissers na die bote gebring en die vissers het die Hollandse skepe plus minus 48 km. van die kus van Afrika af ingewag.[11]

Een van Leyds se grootste probleme was om te weet of boodskappers betroubaar was of nie. Swendelaars en Britse spioene kon hulle naamlik as Boerekoeriers voordoen en sodoende geld en waardevolle inligting in die hande kry. Leyds het dan ook aan agerende president S.W. Burger en genl. Louis Botha laat weet dat boodskappers 'n bewys van hul *bona fides* moes saambring.

Deur middel van betroubare boodskappers het Leyds die Boere-owerhede op die hoogte gehou van die toestande in Europa en die V.S.A. vir sover dit die houding van die regerings en die kanse op bemiddeling betref het; van die politieke en finansiële toestand in Engeland; van watter ammunisie en ander voorrade hy na die Republieke stuur, en van sy ander werksaamhede ten behoewe van die Republieke. Hy het die Boeregeneraals ook aangemoedig om so lank as moontlik in die stryd te volhard want

9. Foreign Office (Africa), Microfilm A314, vol. 434, pp. 61-66.
Law Officers Department Royal Court of Justice aan Salisbury, 23.12.1899.
10. Foreign Office (Africa), Microfilm A269, vol. 623, p. 48.
11. Foreign Office (Africa), Microfilm A271, vol. 490, nr. 9, p. 73.

"iedere dag dien de Boeren den strijd kunnen verlengen zal gelijk staan aan een verbetering van de vredesvoorwaarden".[12]

Op hul beurt het die Boereregerings en -generaals vir Leyds laat weet waaraan daar in die Republieke 'n behoefte bestaan het en hy het sy bes gedoen om daarin te voorsien. So het hy byvoorbeeld op versoek van genl. Smuts aan die koerier, kmdt. Alleman, £6500, 'n koffer met verbandmiddels, 200 detonateurs en 7 verkykers gegee om met hom saam terug te neem. Die kiste is as "perdemiddels" en "wa-smeer" beskryf.[13]

Die Boerekoeriers het nie slegs deur Lourenco Marques gekom en gegaan nie. 'n Ander roete was via Duits-Suidwes en boodskappers het dan op Duitse bote heen en weer na Europa gevaar. Die Franse vrywilliger, die markies De Kersuason, het byvoorbeeld van dié roete gebruik gemaak. Toe hy 'n lid was van kmdt. Manie Maritz se kommando in Noordwes-Kaapland is hy afgevaardig om 'n belangrike boodskap na pres. Kruger in Europa te neem. Deur hom voor te doen as 'n Franse oorlogskorrespondent wat op pad huis toe was, het De Kersuason daarin geslaag om, na allerlei avonture, Swakopmund te bereik en op die *Adolph Woerman* na Europa te vaar.[14] Op 5 April 1902 het hy weer boodskappe van Leyds afkomstig aan genl. Smuts oorhandig.

Die Portugese eiland Madeira was blykbaar 'n belangrike skakel in die verbinding tussen Leyds en die Republieke.

Die Britse vise-konsul in Funchall, H. Bell, het nl. berig dat die Z.A.R. se konsul-generaal in Madeira, Abreu Nunes, voortdurend bondels Engelse koerante van die Europese vasteland ontvang. Bell was van mening dat dié bondels bes moontlik boodskappe van die Boereverteenwoordigers in Europa kon bevat wat dan weer aan Portugese op pad na Suid-Afrika gegee is om in Lourenco Marques of elders afgelewer te word.

In nog 'n verslag het hy berig dat Boerekoeriers wat die weskusroete na Europa gebruik het en nie die gevaar wou loop om hul boodskappe persoonlik verder te neem nie, dit dikwels in Madeira gepos het. Sulke briewe is dan geregistreer en "Via Lissabon" geëndosseer om sodoende die gevaar uit te skakel dat hulle via Engeland kon gaan en in die hande van die Britse sensors beland.[15]

Soms het die koeriers nie daarin geslaag om hul boodskappe af te lewer nie. S. van Lier het byvoorbeeld aan agerende president S.W. Burger geskryf dat hy probeer het om met boodskappe van Europa af deur te kom, maar met spioene oral, die grense bewaak deur gewapende Bantoes en vol riviere as gevolg van die laat reëns, kon nòg hy, nòg die ander boodskappers wat hy probeer stuur het, deurkom. Boonop het 'n hewige koorsaanval hom vir drie weke platgetrek. Intussen het belangrike boodskappe uit die Republieke hom bereik en hy het besluit om daarmee na Europa terug te keer. Van die rapporte wat hy uit Europa na Lourenco Marques gebring het, het hy afskrifte laat agterbly om deur twee persone afgelewer te word sodra 'n geskikte geleentheid hom voordoen.

12. W.J. Leyds, *Vierde Verzameling (Correspondentie 1900-1902)*, II, bylae Q, III, p. 77.
13. W.J. Leyds, *Vierde Verzameling (Correspondentie 1900-1902)*, I, 2e band, nr. 816, p. 750.
14. R. de Kersuason de Pennendreff, *Ek en die Vierkleur*, pp. 2-93.
Foreign Office (Africa), Microfilm A284, vol. 640, Feb. 1902, pp. 182-183.

'n Hollander, Hoewarts, het egter aan die Britse konsul die afskrifte van die ses briewe wat Van Lier aan hom toevertrou het, oorhandig. Die boodskappe was van Leyds afkomstig en het onder meer 'n versoek bevat dat pres. Kruger se verlof verleng moes word. Verder het Leyds daarin berig dat pres. Kruger nog hoopvol was en dat groot bedrae ten bate van Boerekrygsgevangenes, -weduwees en -wese, ens. in Europa ingevorder word. Die inligting was dus van 'n algemene aard en nie vir die Britte veel werd nie.[16]

Aan die einde van Maart 1902 is die taak aan dr. E. Schulz en Piet Burger, 'n wetsagent van Middelburg, Transvaal, opgedra om so vinnig as moontlik via Oos-Afrika en Beira die Boerekommando's met rapporte, medisyne en verbande te bereik. Dr Schulz sou dan as medikus die kommando's bystaan.

Dr. Leyds se geheime agent, Bas Veth, oor wie later meer, het hulle in Parys van al die goedere wat hulle moes saamneem, voorsien. Van Parys af is hulle na Marseilles. Om moontlike Britse spioene af te skud, het hulle listig te werk gegaan. Hulle het nie direk na Marseilles gereis nie, maar eers in Lyon afgeklim. In Marseilles het hulle weer voorgegee dat hulle na Toulon reis, maar stilletjies by 'n klein hotelletjie ingetrek. Op die boot het Schulz vertel dat Burger 'n Skot was, om sy swaar Afrikaanse aksent wanneer hy Engels besig, weg te praat. Die medisyne het Schulz veilig deur die doeane in Beira gekry deur dit as "Pferde-Heilmithel und Wagensmiere" te beskryf. Hul plan was om 'n ent met die Sabie op te vaar, dan oor te kruis en in 'n suidwestelike rigting te gaan tot by die Limpopo en van daar af weer suidooswaarts om by die kommando's naby Pietersburg aan te sluit. Burger het egter in Beira siek geword aan malaria. Teen die tyd dat hulle 'n boot gehuur gehad het en gereed was om te vertrek, het hulle verneem dat vrede gesluit is. Schulz het besluit om nogtans via Lourenco Marques na Transvaal te gaan, want sy dienste ~~as arts~~ sou nog vir gewondes en siekes benodig word. Voor sy vertrek het hy eers al die kontraband in 'n moeras gegooi, uit vrees dat dit die Boeresaak kon benadeel as dit rugbaar sou word dat hy kontraband ingesmokkel het. In sy verslag oor die mislukte missie het dr. Schulz verklaar dat die Boerekoeriers nie veel van die Portugese polisie in Beira te vrese gehad het nie, maar wel van die geheime agente van die Britse konsul. Laasgenoemde het naamlik belonings betaal vir inligting in verband met Boerekoeriers en vir die verraad van die koeriers.[17]

Op 28 Mei 1902 was Leyds nog besig om reëlings te tref dat drie Boerevriende, ds. A. Schowalter, dr. Reisemann-Grone en F.F. Eiffe, as tussengangers boodskappe vir Leyds bedoel moes ontvang en aanstuur - 'n aanduiding van hoe min Leyds verwag het dat daar slegs drie dae later vrede gesluit sou word.

**Krygstuig en voorrade**

Die Boere het nie oor ammunisiefabrieke beskik nie. Dit spreek vanself dat hulle dus weldra 'n tekort aan wapens, onderdele van wapentuig, ammunisie en plofstowwe sou ondervind. Om hierdie tekort te probeer aanvul, was die twee Boererepublieke hoofsaaklik op dr. Leyds aangewese.

Relatief gesproke was dit natuurlik makliker om boodskappe in en uit die

16. Foreign Office (Africa), Microfilm A297, vol. 540, nr. 127, p. 67.
17. Leydsargief, Band 314, II, R 4666/02: Verslag van dr. E. Schulz, 24.5.1902

Republieke te smokkel as wat dit was om voorrade by die Boere te kry. 'n Koerier kon immers boodskappe aan sy persoon verberg, maar vir die deursmokkel van groter voorwerpe was heelwat vernuf nodig.

Na die Anglo-Boereoorlog het dr. Leyds erken dat hy met behulp van verskillende agente en handlangers nie slegs 'n groot voorraad ammunisie nie, maar masjinerie om Mauserpatrone te vervaardig en gebruiktes weer te laai, asook tegnici soos konstrukteur-reparateurs gedurende die oorlog na die Z.A.R. gestuur het. Tussen die honderde bande in die Leydsargief is daar 'n paar aanduidings van hoe en deur wie hy dit reggekry het.

Daar kan aanvaar word dat sommige wapenhandelaars vir materiële gewin, asook uit simpatie met die Boere, bereid sou wees om in die geheime diens saam te speel.

Soms het die Britte agterna agtergekom met watter vernuf Leyds en sy helpers voorrade deurgesmokkel het. So het die Britse konsul in Lourenco Marques in Januarie 1900 berig dat 1500 Vitterli-kortgewere, 42 Mausers en 1 000 000 patrone as "maccaroni" verpak, deurgesmokkel is.[18]

Marconitoestelle vir die kommando's is as Röntgentoestelle vir ambulanse verpak[19] en volgens 'n Britse geheime verslag is ammunisie ook in vate sement[20] en as blikkies botter ingesmokkel. In die geval van die botterblikkies is die gewig van die patrone plus die semels baie goed uitgewerk om met die gewig van 'n dergelike hoeveelheid botter ooreen te stem.[21]

Die dienste wat agente vir Leyds gelewer het, word enigsins geïllustreer deur die bedrywighede van 'n sekere Bas Veth. Volgens 'n Britse geheime berig was hy 'n kunstenaar van beroep en in Dordrecht woonagtig. Hy was verbonde aan die Algemeen Nederlandsch Verbond[22] en het hart en siel daaraan meegewerk. Weens die feit dat hy so dikwels van die huis af weg was, het die Britte hom daarvan verdink dat hy vrywilligers vir die Boere werf.[23] Hulle het blykbaar nooit sy ware geheime aktiwiteite agtergekom nie.

Met die insmokkel van goedere vir die Boere was hy vir dr. Leyds van onskatbare waarde. As Leyds se geheime agent is hy met allerlei uiteenlopende take in verband met die geheime diens belas. Hy het namens Leyds ondersoek ingestel na die nuutste krygstuig wat vervaardig is, en planne beraam hoe om waardevolle krygstuig in die hande en deurgesmokkel te kry.

Geheime kontakte by die verskillende wapenfabrieke het Bas Veth op hoogte van

---

18. Voedsel is naamlik nie as kontraband beskou nie, behalwe blikkieskos wat die kommando's kon gebruik. Chamberlain het Milner op 2 November 1899 verwittig dat die Britse regering besluit het om voedsel nie as kontraband te beskou nie, want dit kon 'n gevaarlike presedent skep. Milner was hieroor baie teleurgesteld. Hy het gevoel hongersnood is 'n kragtige wapen en die besluit sou die oorlog uitrek. Hy was ook (tereg) bevrees dat wapentuig as voedsel deurgesmokkel kon word.
19. Leydsargief, Band 333, T 97, pp. 100-101. Leyds aan staatsekretaris Reitz, 3.2.1900.
20. Foreign Office (Africa), Microfilm A272, vol. 343, p. 395. Geheime Memorandum nr. 24, 12.5.1900.
21. Foreign Office (Africa), Microfilm A298, vol. 541, p. 13. H. McCallum aan Chamberlain, 21.8.1901.
22. 'n Organisasie, soortgelyk aan die *Alliance Francaise*, om die Nederlandse taal en stambelange te bevorder.
23. Foreign Office (Africa), Microfilm A284, vol. 356, nr. 45, pp. 190-191.

sake gehou omtrent nuwe uitvindings en verbeterings aan krygstuig, verkykers en selfs draadknippers, ens. So het hy in Mei 1901 aan Leyds berig dat 'n mnr. Girond geslaagde proefnemings met rooklose kruit, geskik vir Mauser- en Lee Metfordpatrone, uitgevoer het. Die kruit kon as melasse of bruinsuiker na die Z.A.R. gestuur word. "Met water wordt de bruine suiker opgelost en het residu zoo schoon mogelijk eerst gewasschen, terwijl daarna het residu, dat kruit is, eenvoudig door zonnenwarmte wordt gedroogd en daarna stofvrij gemaakt."[24]

Deur bemiddeling van agente het Veth ook krygstuig, waarvoor Leyds natuurlik die geld verskaf het,[25] aangekoop en groot vindingrykheid met die verpakking en deursmokkel daarvan aan die dag gelê. Hy het byvoorbeeld aan Leyds geskryf dat hy "na lang zoeken een groot dik blikken koffer vonden met koperen beslag dat er oogenschijnlijk zwaar uitzag. Daarin is zeer behendiglijk een double fond gemaakt en zijn de bewuste zaken daarin gedaan, welk koffer aan den heer Vos is mede gegeven, met de order dat hy voor alles moest zorgen dat genoemd koffer te Pretoria kwam."[26]

In die koffer is verskillende soorte verkykers asook briewe versteek.[27]

Ten einde die Boere van plofstof te voorsien, het Bas Veth voorgestel dat hulle 'n boot gelaai met dinamiet of iets dergeliks langs die kus moes laat strand. 'n Koerier, Steyn Parvé, het berig dat, eienaardig genoeg, presies dieselfde plan deur genl. De Wet en sy krygsraad oorweeg is en as onuitvoerbaar verwerp is.[28]

Bas Veth was ook met die uitstuur van werkslui en koeriers behulpsaam. Toe staatsekretaris Reitz gevra het dat Leyds ervare draaiers moes probeer oorreed om na die Z.A.R. te gaan vir die herstel van kanonne en die vervaardiging van patrone, het Leyds die taak weereens aan Bas Veth opgedra. Hy het Leyds laat weet dat sy geheime kontakte verkenningswerk by die geskutgietery in Den Haag en die konstruksiewinkel in Delft doen om geskikte persone te vind. Veth het toe aanbevelings gedoen en nege persone, onder andere A.J. The. Hermsen, 'n werksman wat kanonne repareer het, en J.H. van der Linden, 'n voorman by die vervaardiging van ammunisie, is oorreed om hul betrekkings te verlaat en na die Z.A.R. te gaan. Hulle sou £25 per maand betaal word en 'n jaarlikse verhoging van £1-10 kry totdat hul salaris £30 per maand beloop het. Teen die einde van die oorlog sou hul vrouens en kinders 'n vry passaat na Suid-Afrika kry.[29] Voor hul vertrek het Leyds £1600 as waarborg vir hul salarisse by die Z.A.R. se bankiers in Europa, Labouchere Oyens, gedeponeer, en ook 'n waarborg geteken vir die uitbetaling van hul salarisse. Veth het toe nog vir die geheime verpakking van vier draaibanke en gereedskap vir die werkslui gesorg.[30]

Na aanleiding hiervan het die Britse ambassadeur in Den Haag op 29 Maart

24. Leydsargief, Band 319, II, G. 299.
25. Die Z.A.R. het oor aansienlike bates in Europa beskik en Leyds het in naam van die Z.A.R. trekkingsregte gehad. In Julie 1900 het die Z.A.R. se Uitvoerende Raad die ontsaglike verantwoordelikheid op Leyds se skouers geplaas om al die bates van die Z.A.R. in Europa onder sy persoonlike beheer te plaas en vir die onvoorspelbare duur van die oorlog oordeelkundig aan te wend.
26. Leydsargief, Band 324, I, GZR 224/00: Bas Veth aan Leyds, 26.3.1900.
27. *Ibid.*
28. W.J. Leyds, *Vierde Verzameling (Correspondentie 1900-1902)*, I, 1e band, nr. 130, pp. 118-119. Leyds aan Bas Veth, 16.2.1901.
29. Leydsargief, Band 316, I, GGZR 374/00, 5.9.1900.
30. Leydsargief, Band 316, II, G 322 en GGZR 407, 22.9.1900.

1900 die departement van buitelandse sake laat weet dat vier werksliede (sy inligting was blykbaar nie heeltemal korrek nie) van die Nederlandse staal- en kanongietery in Den Haag deur 'n agent van Leyds, afkomstig uit Dordrecht, oorreed is om te bedank. Geld is in hul bankrekenings gedeponeer en hulle het op 17 Maart na Suid-Afrika geseil. Om hul werklike beroepe te verberg, is hulle in hul dokumente as "verwers" beskryf.[31]

'n Boodskapper, Keulemans, is weer deur Veth van 'n paspoort en 'n aanstelling as 'n sogenaamde militêre verslaggewer voorsien. Hy is 'n boek, *Die Industrie der Explosivestoffen,* deur Oscar Guttman, wat vir die Boere van waarde sou wees, gegee om met hom saam te neem. Op Veth se voorstel is die boek egter van 'n ander omslag voorsien, naamlik *Matheus en Johannes nach hist Quellen bearbeitet van Prof. Angelico Yank. Jena. Akademische Buchhandlung. 1888.*[32]

Veth se verslag aan die Z.A.R. se gesantskap in Mei 1900 toon duidelik hoe bedrywig hy was. Hy berig naamlik dat hy gereël het om deur die handelaar E. Hirsch van die *Société francaise de Munitions* werktuie aan te koop vir die maak van Mauserpatrone. Op dieselfde manier het hy 50 000 Mauserkoeëls gekoop, as seep verpak en met 'n sekere mnr. Servia na Lourenco Marques versend. Verder het hy gereël dat 21 ton koper, 5 ton mantelstaal en 4 wekkers om treine op te blaas, uitgestuur word.[33]

In Augustus 1901 het Bas Veth na Delagoabaai gegaan om die hele omgewing van die baai te verken ten einde vas te stel of dit moontlik was vir bote om onopgemerk goedere af te laai, wat dan na die binneland ingesmokkel kon word. Dié Portugese hawe was vanselfsprekend die beste plek om goedere vir die Boere te probeer deursmokkel, omdat die afstand daarvandaan na die Boeremagte aansienlik korter was as enige ander roete.

Toe Veth se plan om onder die dekmantel van 'n jagtog sy spioenasiebedrywighede te beoefen, verongeluk is deurdat hy nie 'n jagpermit kon kry nie. het hy hom "als een hartstogelijk visscher" voorgedoen. Sodoende kon hy op sy sogenaamde visvangtogte die hele omgewing van die baai en al die riviermondings in die omtrek verken. Hy het aan Leyds gerapporteer dat die mondings van al die riviere in die omgewing deur Portugese kanonbote bewaak word. Regs van die Maputariviermonding was daar egter 'n eensame stuk strand met net een huis daarop. Dié strand het ook agter groot sandbanke verskuil gelê en was dus teen groot branders beskut. Hier kon goedere aan wal gebring word en dan oorland verby die bewakende kanonbote en verder vervoer word.

Op een van sy visvangtogte het hy 'n sekere Leon, 'n skeepseienaar, wat die vuurtoring by Delagoabaai help bou het, as metgesel saamgeneem. Hy het aan Veth vertel dat koopliede vanuit Lourenco Marques die Maputarivier opvaar en hoër op van inboorlingskuite gebruik maak om in Zoeloeland te kom. Volgens Veth was dit dus 'n moontlike roete om goedere na die binneland te smokkel.[34]

Afgesien van mense soos Bas Veth het Leyds ook gebruik gemaak van firmas in

31. Foreign Office (Africa), Microfilm A. 284, vol. 356, nr. 41, pp. 179-181, Maart 1900.
32. Half-amptelike Leydsargief, Mikrofilm A 563: Portefeulje 9, pp. 374-375.
33. W.J. Leyds, *Derde Verzameling (Correspondentie 1900),* II, bylae N, pp. 41-44.
34. Leydsargief, Band 315, I, G 736: Verslag van Bas Veth, 21.9.1901.

Europa deur wie hy oënskynlik onskuldige handelsware soos seep, parfuum en klerasie na die Z.A.R. versend het. Die belangrikste firma waarvan hy vir hierdie doel gebruik gemaak het, was Louis en Sigismund Kohn van Parys, Frankryk. Hierbenewens het hy, soos reeds vermeld, elke moontlike geleentheid benut en terugkerende boodskappers, of skeepskapteins en passasiers aan boord van neutrale skepe ingespan. So byvoorbeeld is gereël dat 'n sekere mnr. Boldingh wat op die boot *Yangtse* van die *Compagnies Messageries Maritimes* na Suid-Afrika gereis het, 6 verkykers met hom saamneem. Werkslui van die Z.A.S.M. op dieselfde boot het ook 6 verkykers en afstandmeters saamgeneem.[35]

Die grootste probleem by die verskaffing van voorrade het egter gekom by die ontvangs daarvan in Lourenco Marques en die deurstuur na die Z.A.R., want die Britse regering het alles in sy vermoë gedoen om die deurgang van enige sogenaamde kontraband stop te sit. Ook hier het Leyds egter sy kontakte gehad. In Lourenco Marques was daar in die eerste plek die Franse firma Edouard Hirsch; dié firma, en veral die bestuurder, E. Levy, het baie vir Boere oorgehad. Leyds het verder ook gebruik gemaak van Wilcken en Ackermann, wat op hulle beurt weer met die firma Grunberg en Leon in Pretoria geskakel het.[36] Leyds se belangrikste en betroubaarste tussenganger in Lourenco Marques was egter die konsul-generaal van die Z.A.R., Gerard Pott.Hy het baie van die kontraband van privaatpersone in ontvangs geneem en vir die verdere versending na die Z.A.R. gesorg. Een Britse koerant het Delagoabaai 'n "hotbed of intrigue" genoem en na Pott as die direkte tussenganger tussen Leyds en die Boere verwys. Volgens dié berig was Pott omring van 'n hele kontinentale bende, almal anti-Brits. Die "bende" het glo bestaan uit die vreemde konsuls (met uitsondering van die Britse en Amerikaanse);[37] Franse kooplui, Duitse agente wat goedere na die Transvaal gestuur het, en die republikeinse Portugese faksie. Die neutrale Lourenco Marques is bestempel as "the most ani-British town in existence".[38]

Ongelukkig vir Leyds en die Boeresaak het 'n Portugese doeanebeampte op 8 Januarie 1900 ontdek dat agt pakkies, waarvan die inhoud as konjak, parfuum en huishoudelike elektriese toestelle beskryf is, en waarvoor Pott as hoof van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjieskantore in Lourenco Marques die klaring geteken het, in werklikheid verkykers, heliografiese toestelle en ander oorlogskontraband bevat het. Pott het aangevoer dat hy die klaring onderteken het sonder dat hy die fakture, waarop die inhoud gespesifiseer was, gesien het. Hy het dit geteken op grond van 'n verklaring wat daaraan geheg was en deur die ontvanger geteken is. Hy het dus nie geweet wat die kiste bevat nie en het geen kriminele bedoelings gehad nie. Bowendien het hy daarop gewys dat die goedere nie as oorlogskontraband beskou kon word nie, aangesien dié items nie deur die wetgewende of uitvoerende liggame in Portugal as sodanig gespesifiseer is nie. Daar het trouens tot op dié datum nie 'n lys

35. Half-amptelike Leydsargief, Mikrofilm 563: Portefeulje 91, pp. 360-361.
36. W.J. Leyds, *Derde Verzameling (Correspondentie 1900)*, I, nr. 65, p. 71. Leyds aan die regering van die Z.A.R. 6.5.1900.
37. Die koerant het hier fouteer. Die Amerikaanse konsul was die Boere baie behulpsaam.
38. Anon, "Hotbed of Intrigue. Continental Gang at Delagoa, An anti-British Town", Argief van Duitse Departement van Buitelandse Sake, Mikrofilm A636: *Auswärtiges Amt Abtheilurg A*, 863/4, Bd. 15/16.

van kontraband in 'n amptelike koerant in Mosambiek verskyn nie.

Die hof het hom egter daaraan skuldig bevind dat hy 'n valse verklaring gedoen het, wat vir Portugal ernstige komplikasies kon veroorsaak het indien die goedere deurgestuur en daar later ontdek sou word dat Portugal se neutraliteit geskend is. Die goedere is verbeurd verklaar en Pott moes boonop 'n boete van £210 betaal.[39]

'n Baie swaarder slag vir die Z.A.R. was egter die feit dat Pott se exequatur as konsul-generaal van die Z.A.R. ingetrek is.

Aan die begin van 1900 het Leyds 'n groot waagstuk onderneem om die Boere van oorlogsvoorrade te voorsien. Groot hoeveelhede ammunisie vir die Z.A.R. bestem, is uit Frankryk na Madagaskar vervoer en op verskillende punte langs die kus afgelaai. Telkens wanneer die stoomskip *Gironde* van die Franse *Messageries Maritimes* van Madagaskar na Lourenco Marques gevaar het, dit wil sê een keer per maand, is dan van die ammunisie na Lourenco Marques vervoer.

Toe Leyds verneem dat die *Gironde* nie langer die reis tussen Madagaskar en Lourenco Marques sou onderneem nie, moes hy 'n ander plan bedink om die ammunisie te vervoer. Hy het toe besluit om die stoomskip *Roussillon* te koop.[40] Vir dié doel het hy vir die skip 'n spesiale stoomskipmaatskappy, die *Compagnie francaise de cabotage à vapeur de Madagascar* laat stig. Die sogenaamde eienaars was S. Kohn, A. Voille en E. Hirsch. Die boot het aan die Z.A.R. behoort, maar het vir die eiendom van dié maatskappy deurgegaan.

In April 1900 het die Britse konsul in Marseilles in 'n geheime memorandum oor die aankoop van die *Roussillon* verklaar dat die maatskappy van plan was om, volgens koerantberigte, nog twee bote aan te koop wat in die Mosambiekkanaal Mosambiek, Quilimane, Beira en Lourenco Marques sou aandoen. Die hoofkantoor van die maatskappy was in Parys, maar die bestuur het eintlik in die hande van Alphonse Voille en W.A. Pearson in Marseilles berus.

Ongelukkig vir Leyds was die konsul daarvan bewus dat Leyds in 1899 met Voille in verbinding was. Hy het dus 'n snuf in die neus gehad omtrent die *Roussillon* en in 'n memorandum van 20 Mei 1900 aangaande die vertrek van die *Roussillon* geskryf "The funnel was painted yellow with a tricolour flag on it. The three horizontal lines, blue, white and red, blue on top causing so much enthusiasm among the onlookers that the ship was loudly cheered on her departure 2pm. May 20 (Vive la France! cried the croud (sic) 'Vivent les Boers' cried the crew, in return! Captain and crew are all Bretons. And apparently they knew all about their 'mission'. The house flag of the new and 'patriotic' French company is white with red corners, and a blue anchor on the centre of a white ground. The officers wear a gorgeous uniform and a showy gilt laced cap, with gilt palm leaves, cross embroidered in front.

"This is altogether a curious story. And the three steamers might repay the trouble of watching." [41]

Die aankoop en uitrus van die *Roussillon* was seker die grootste flater wat Leyds gedurende sy gesantskap begaan het. Sy bedoelinge was ongetwyfeld goed, maar die onderneming het op 'n mislukking uitgeloop. As gevolg van die verskerpte

39. Foreign Office (Africa), Microfilm A281, vol. 362, nr. 14, pp. 153-159.
40. W.J. Leydse, *Derde Verzameling (Correspondentie 1900)*, I, nr. 141, p. 139.
41. Foreign Office (Africa), Microfilm 272, vol. 343, geheime memo nr. 27, pp. 409-410.

waaksaamheid van die Britte en Portugese het dit feitlik onmoontlik geword om kontraband stilletjies na Lourenco Marques te vervoer en daar af te laai. Daar is dus so te sê niks gebruik van die boot gemaak nie. Die vrugtelose onderneming het f45644 25 (sowat R72 930) gekos en Leyds het daaroor getuig: "Met de beste intensies aangevangen, is zij geworden een 'abime de dépenses' ('n afgrond van onkoste)." [42]

**Britse teenmaatreëls**

Lourenco Marques was vir die Boere feitlik die enigste verbinding met die buitewêreld en die Britte het vanselfsprekend alles in hul vermoë gedoen om die toevoer van goedere langs dié weg te verhoed. Om dit te kan doen, was dit in die eerste plek vir die Britse regering nodig om te weet van waar en hoe die voorrade na Suid-Afrika vervoer word, en daarvoor het die Britse militêre inligtingsdiens van konsulêre verteenwoordigers en 'n netwerk van geheime agente in al die vernaamste hawestede van Europa en die V.S.A. gebruik gemaak. Reeds maande voor die oorlog uitgebreek het, was hierdie spioenasiediens in werking. Op 1 Augustus 1899 het die Britse eerste minister, Salisbury, aan A. Carnegie Ross, die Britse konsul in Lourenco Marques, getelegrafeer dat dit vir die Britse regering baie belangrik was om noukeurige inligting te bekom oor die wapens en ammunisie wat in Delagoabaai vir die Boere afgelaai word. Die verskeping het blykbaar deur middel van die Duits-Oos-Afrika-lyn plaasgevind, deels vanaf Hamburg en deels vanaf Napels. Ross moes probeer om opgawes van die vragte van al die skepe van dié lyn oor die afgelope ses maande te verkry en dan besonderhede van alle belangrike verskepings telegrafeer.[43]

Op 4 September 1899 het die direkteur van die Britse militêre inligtingsdiens berig ontvang dat die Z.A.R. van Löwe se *Gewehr und Munitions Fabrik* in Berlyn 50 000 gewere bestel het van die soort wat die Duitse leër gebruik het, asook ammunisie van 'n fabriek in Karlsruhe. Volgens die berig is 15 000 van die bestelling reeds na Lourenco Marques versend, terwyl die res in Hamburg gelê en wag het om verskeep te word. [44]

Die Britse regering het oor die aangeleentheid by die Portugese regering protes aangeteken. Die gevolg was dat Leyds op 17 Augustus uit die Z.A.R. verwittig is dat die goewerneur-generaal van Mosambiek, in opdrag van die Portugese regering, die krygsvoorrade aanhou wat op die *Reichstag* vir die Z.A.R. in Lourenco Marques aangekom het.

Die vrag was £3 000 000 werd en het uit drie miljoen seshonderd patrone en tweehonderd Mauserjaggewere bestaan. Die Z.A.R. het Leyds gevra om sy bes te doen om, sonder die verbreking van diplomatieke betrekkinge met Portugal, die skeepsvrag losgelaat te kry.

Leyds het besluit om deur middel van die Duitse en Franse regerings druk op Portugal uit te oefen. Albei lande was wapenverskaffers aan die Z.A.R. Hy het aan hulle voorgehou dat verdere wapenverkope onmoontlik sou wees indien Portugal dié

42. W.J. Leyds, *Derde Verzameling (Correspondentie 1900),* I voetnoot I, p. 286.
43. Foreign Office (Africa), Microfilm A280, vol. 230, p. 199.
44. Foreign Office (Africa), Microfilm A292, vol. 249, p. 333.

houding, wat strydig was met 'n traktaat van 1875 tussen Portugal en die Z.A.R., bly handhaaf.[45]

Die vrylating van die voorraad was 'n groot diplomatieke oorwinning vir dr. Leyds. Benewens die waarde wat die groot besending krygstuig twee maande later met die uitbreek van die oorlog vir die Z.A.R. gehad het, was die opheffing van die Portugese verbod 'n gevoelige slag vir Britse prestige en is as sodanig deur Milner betreur.[46]

Na hierdie terugslag het Brittanje op 14 Oktober, drie dae na die oorlog uitgebreek het, 'n geheime verdrag met Portugal aangegaan waarvolgens Brittanje Portugal en sy besittings teen aanvalle sou beskerm in ruil vir 'n Portugese belofte om geen krygsvoorrade vir die Boere deur te laat nie.

Op 23 Oktober 1899 het die Britse admiraliteit op drie maatreëls in verband met die aanhouding van skepe besluit. Eerstens, dat alle handelskepe op pad na Suid-Afrika vir kontraband deursoek kon word, waar hulle ook al aangetref sou word en ongeag hul nasionaliteit; tweedens, dat as daar enige kontraband op 'n skip aangetref word en daar 'n redelike suspisie bestaan dat dit vir die vyand bedoel is, die boot na Kaapstad geneem moes word sodat 'n behoorlike hofbeslissing daaroor gevel kon word, en laastens, dat kos wat as rantsoene vir troepe kon dien as kontraband beskou moes word.[47]

Ten einde dit moontiik te maak dat Britse oorlogskepe aangesê kon word om skepe met kontraband te onderskep, moes die Britse admiraliteit natuurlik voorsien word van korrekte inligting omtrent die verskeping van sulke kontraband. Vir dié doel is die Britse konsuls in talle Europese hawestede aangesê om alle verskepings van ammunisie en versterkings vir die Boere dop te hou.

Veral die Duitse hawe Hamburg is noukeurig dopgehou. Massas gedetailleerde verslae oor alle vragte wat daar gelaai is, is deur Britse spioene ingestuur. So byvoorbeeld lui een berig van 24 April 1900: "French S.S. 'Lucie Marie' which left Hamburg yesterday evening for Havre has shipped following goods addressed to Delagoa Bay: 235 cases of ammunition for rifles and 14 cases of fuses for shells, all marked P.T.M., and 8 cases of ammunition marked A D; 18 cases of saddles marked H S; 3 cases of barbed wire marked R V above D and a triangle, and 18 casks marked D D, probably also wire; 150 parcels of horse shoes and 40 cases of nails marked R V or R W; 14 cases marked G B and a triangle, contents not known and inspected; 300 barrels marked D A G declared salt, and 700 large cases marked N D M declared matches, contents also suspected."[48]

Alle vragte wat in Lourenco Marques aangekom het, is natuurlik ook naarstiglik deur die Britse konsul, Ross, en sy handlangers dopgehou.

In Desember 1899 is 'n spesiale kommissaris, R. Casement, na Lourenco Marques gestuur om Ross by te staan. Hy was al voorheen in Lourenco Marques en daar is voorgegee dat hy net weer sy ou standplaas besoek. Hy het 'n vertroulike opdrag van Salisbury ontvang om uit te vind watter oorlogstuig, rekrute, kosvoorrade,

45. Artikel 6 van die traktaat het aan die Z.A.R. vrye invoer van wapens toegestaan.
46. Foreign Office (Africa), Microfilm A292, vol. 249, 23398/99, p. 332.
47. Foreign Office (Africa), Microfilm A304, vol. 268, p. 84.
48. Foreign Office (Africa), Microfilm A275, vol. 349, nr. 43, p. 158.

ens., vir die Boere aankom, en waarvandaan en hoe voorrade deur Lourenco Marques, Inhambane en Kosibaai gesmokkel word. [49]

Onder die omstandighede sou 'n mens dink dat die Boere se kanse om enige voorraad onbespeurd by en deur Mosambiek te kry maar uiters gering was. Nogtans het Ross in Februarie 1900 berig dat, hoewel hy en sy geheime agente nog geen bewyse kon vind dat daar wel kontraband deurgesmokkel word nie, daar nie 'n week verbygaan sonder dat iemand berig dat dit wel gebeur nie. Van ou inwoners het hy verneem dat daar in Lourenco Marques nog altyd 'n smokkelhandel aan die gang was, en as die Boere van goeie agente en omkoopgeskenke gebruik maak, kon die berigte heel moontlik waar wees. [50]

In Maart 1900 het Ross weer berig dat hy besluit het om sy speurders af te dank, behalwe twee wat in die doeanekantore werksaam was en skepe en treine moes dophou. Sy speurders het alles gedoen wat maar moontlik was: Hulle het dag en nag gewaak en die land in alle rigtings deurkruis. Hul werk het aan die lig gebring dat daar, ondanks alle voorsorgsmaatreëls van die Portugese, wel 'n smokkelhandel plaasvind. Sonder magtiging om op verdagte goedere beslag te lê en persone en bote aan te keer, kon hulle egter geen wettige bewyse daarvan toon nie, met die gevolg dat die plaaslike owerheid sy berigte oor verdagte bedrywighede as ongegrond bestempel het. Hy sou egter voortgaan om deur middel van omkoopgeskenke inligting in die hande te kry oor wat aan die gang was. [51]

In sy vertwyfeling en frustrasie het konsul Ross selfs gevra of die departement van buitelandse sake nie kon voorstel dat die Portugese doeanepersoneel in Lourenco Marques op Britse onkoste deur nuwe personeel uit Portugal vervang word nie, onder wie drie of vier persone spesiaal deur die Britse regering gekies. [52]

In opdrag van Salisbury het die Britse gesant in Portugal die Portugese regering toe genader met die voorstel dat Brittanje Portugese vir die Britse konsulaat in Lourenco Marques werf wat dan as doeanebeamptes na skepe in Delagoabaai uitgestuur kon word en aan boord kon bly totdat hul vragte afgelaai was.

Die Portugese regering was nie vir die voorstel te vinde nie en het geantwoord dat Brittanje blykbaar nòg Portugal se probleme begryp, nog die moeite waardeer wat hy doen om die deursmokkel van kontraband te verhinder. Om Brittanje tegemoet te kom, het hy nie net oorlogskontraband aangehou nie, maar selfs gewone voedselvoorrade soos koffie en suiker, en het hom sodoende aan skerp kritiek blootgestel. Aangesien Portugal graag wou sien dat die stryd gou beëindig word en die Britse oppergesag in Suid-Afrika bevestig word, was dit nie waarskynlik dat daar oogluikend toegelaat sou word dat voorrade vir die Boere deurglip sodat laasgenoemde die stryd kon voortsit nie. [53]

Na dié verklaring het die Britse eerste minister besluit dat daar liefs nie verdere voorstelle gemaak moes word wat na kritiek op Portugal se beheer oor Lourenco

49. Foreign Office (Africa), Microfilm A311, vol. 279, nr. 96, p. 19.
50. Foreign Office (Africa), Microfilm A282, vol. 364, nr. 133, p. 185.
51. Foreign Office (Africa), Microfilm A282, vol. 364, nr. 133, p. 185.
52. Foreign Office (Africa), Microfilm A281, vol. 364, nr. 68, pp. 101-102.
53. Foreign Office (Africa), Microfilm A280, vol. 359, nr. 58, pp. 88-94.

Marques lyk nie. Brittanje wou naamlik nie die Portugese regering te na kom en sy verontwaardiging wek nie.[54]

Aangesien konsul Ross nie daarin kon slaag om die toevoer aan die Boere te beëindig nie, het Salisbury besluit om kapt. F. Crowe van die militêre inligtingsdiens as konsul-generaal vir die hele Portugees-Oos-Afrika aan te stel. Hy sou oor alle Britse gesantskapsamptenare in die gebied gesag voer. Sy instruksies was om uit te vind watter oorlogsvoorrade, rekrute en voedselvoorrade sedert die begin van die oorlog deur Lourenco Marques na die Z.A.R. gegaan het. Hy moes ook vasstel of die Portugese doeanebeamptes hul werk deeglik genoeg doen, of daar omkopery plaasvind en of die voorsorgsmaatreëls om smokkelary te voorkom op land en in die baai afdoende was.[55]

Uit Crowe se lang verslae blyk hoe vernuftig Leyds en sy handlangers in die geheime diens te werk gegaan het om, ten spyte van die Britse voorsorgsmaatreëls, nog voorrade vir die Boere deur te smokkel.

In September 1901 het Crowe berig dat daar beslis voorrade na die Boere deurgesmokkel word en dat Parys die hoofkwartier was van waar die oorlogskontraband gestuur word. Die naaste depots vir die kontraband was langs die kus van Madagaskar. Die hooftoevoer van kontraband het geskied deur die firma Louis en Sigismund Kohn in Parys, maar Alphonse Voille en W.A. Pearson in Marseilles het ook baie daarmee te doen gehad. Hy het voorts berig dat die stoomboot *Gironde* van die Franse *Messageries Maritimes* en feitlik elke boot van die *Chargeurs Reunies* van Havre gedurende die eerste maande van 1900 ammunisie na Madagaskar en van daar weer na Mosambiek vervoer het. Die ammunisie was so uitstekend vermom as seep, kerse, parfuum, ens. dat dit selfs vir 'n deskundige byna onmoontlik was om die kontraband op te spoor. As die hoofagente vir die ontvangs en uitdeel van die kontraband in Lourenco Marques het hy Edouard Hirsch, Frederick en Jacques Grunberg, Emile Levy, Edouard Boucher (bestuurder van die New Australia Gold Mines), Isadore Snapper (wat 'n brouery in Rossana Garcia gehad het en voorheen bestuurder van die Frans-Suid-Afrikaanse Handelsmaatskappy was) en B.H. de Haas genoem. Van laasgenoemde het hy gesê dat hy in Februarie 1900 uit Transvaal in Lourenco Marques aangekom het en as 'n invoerder van skoene poseer het. In werklikheid het hy egter niks anders gedoen as kontraband oor die grense smokkel nie, gewoonlik as die "persoonlike bagasie" van kastige passasiers. Dié passasiers wat vanaf Lourenco Marques per trein na Transvaal gereis het, het tasse en koffers vol "klere" met hulle saamgeneem en met leë tasse teruggekeer. De Haas het ook Portugese in diens gehad om sy goedere as "Importaco" (invoergoedere) deur die doeane te kry en 'n hele spul ondergeskikte spoorwegamptenare is deur hom betaal om die goedere verder langs die spoor aan te stuur. Volgens Crowe was Lithauer egter die aktiefste en berugste Boeresmokkelagent. Hy was bevriend met die Amerikaanse konsul in Lourenco Marques wat hom op elke moontlike manier gehelp het. Maande lank het hy kort-kort van Lourenco Marques na die Limpopo en Transvaal en terug gereis. Crowe het hom daarvan verdink dat hy persoonlik die kontrabandhandel aan die Limpopo gereël het. Lithauer het ook met 'n kaptein Servier (ook bekend as

54. Foreign Office (Africa), Microfilm A280, vol. 359, nr. 58, p. 99.
55. Foreign Office (Africa), Microfilm A282, vol. 365, p. 1.

Servia) saamgewerk. Servier was 'n voormalige kaptein van die *Messageries Maritimes* en 'n inwoner van Marseilles. Hy was vanaf April tot Augustus 1900 in Mosambiek en Crowe het hom laat dophou omdat hy hom daarvan verdink het dat hy met die invoer van kontraband gemoeid was. Hy kon egter nie genoegsame getuienis teen hom in die hande kry nie. Servier was blykbaar besig om ondersoek in te stel in verband met geskikte plekke op die kus tussen Delagoabaai en Inhambane, met die doel om snags met behulp van Indiese "dhows" kontraband van Madagaskar aan wal te bring. Crowe het verklaar: "It will probably be found that the French Companies mentioned in this memorandum, together with the French private Firms mentioned have supplied the greatest amount of Contraband of War to the Boers through Portuguese East Africa. Their procedure has been too clever and too well assisted by Portuguese Officials for me to discover, and only after many months of hard work have I arrived at what I now know."[56]

Crowe het ook weldra nog 'n slim set van die Boere se smokkelagente agtergekom. Dit was om die kontraband nie na Lourenco Marques te neem nie, maar na Inhambane, Quilimane, Mosambiek en Beira, waar, volgens Crowe, "they are not particular and where a 'verificador' is easily obtained for a bribe from £5 to £20 and goods allowed to a local depot without being opened or at least properly examined". Na 'n maand of twee is die goedere dan weer na Lourenco Marques verskeep en, as goedere afkomstig uit 'n deel van Mosambiek waarop reeds invoerregte betaal is, het hulle dan belastingvry, en sonder kontrole, Lourenco Marques binnegekom. In dié verband het Crowe verklaar dat dié praktyk nie so lank onopgemerk sou gebly het as die Portugese beamptes nie met die smokkelhandelaars saamgewerk het nie. Sy pogings om uit te vind wat aangaan, is deur die Portugese goewerneur-generaal en Portugese amptenare gedwarsboom. Selfs toe hy daarin geslaag het om 'n geval van omkopery te bewys, is daar getrag om die saak in die doofpot te stop.

Volgens Crowe was nog 'n slim set om vanaf die begin van die oorlog die Britse aandag van Frankryk af te trek deur suspisie veral op die Duitse hawens te werp.

Later, toe die meeste van die vreemde firmas in Lourenco Marques onder verdenking was en deur Britse spioene dopgehou is, het die Europese kontrabanddeskundiges van die name van lojale Britse firmas gebruik gemaak. Hulle het naamlik onskuldige, alledaagse benodigdhede met bekende Britse handelsmerke aan Britse firmas in Lourenco Marques geadresseer. Hierdie versigtig verpakte goedere van bekende "Britse fabrikaat" is natuurlik sonder meer deur die doeanebeamptes deurgelaat. Sodra die goedere deur die doeane was, het 'n agent van Leyds opgedaag met 'n goeie verskoning waarom die oorspronklik geadresseerde nie die goedere in ontvangs kon neem nie. Die agent het dan dokumente getoon wat op die oog af heeltemal in orde gelyk het en waarvolgens hy gemagtig was om die goedere oor te neem. Hierna is die goedere dan verder na die Boere vervoer.[57]

In nog 'n lang verslag het Crowe beskryf hoe hy te werk gegaan het om sy inligting te verkry. Hy het uitgesoekte Swartes in diens geneem om die onbewoonde dele van die kus en rivieroewers waar goedere geland kon word, dop te hou en verslag te doen van enige verdagte bedrywighede. Ten spyte van beloftes van goeie beloning is

56. Foreign Office (Africa), Microfilm A317, vol. 562, "Enclosure no. 1", pp. 81-83.
57. Foreign Office (Africa), Microfilm A317, vol. 562, "Enclosure no. 1," pp. 84-86.

niks van belang egter ontdek nie en hy het toe dié bedrywighede gestaak. Hierna het hy hom net bepaal tot die dophou van die doeane, die spoorweg en die dorp.

In die doeanekantore is een amptenaar van die Britse konsulaat toegelaat. Hy het gedurende sy werksure vrye toegang tot alle kaaie, skure en kantore gehad. Dit was egter 'n onbegonne taak vir een persoon om alles dop te hou, en hy het boonop geen amptelike status gehad nie en is gedurig deur die amptenare en ondergeskiktes beledig. Dit was dus nie verbasend dat die Britse spioenasiediens in Lourenco Marques min praktiese resultate opgelewer het nie.

In die spoorwegkantore het Crowe 'n Portugese klerk in diens gehad wat hom in die geheim voorsien het van afskrifte van alle verslae oor goedere wat op die spoorlyn vervoer is. Dié verslae was volgens Crowe ook van min waarde by die naspeuring van kontraband "for the simple reason that official returns were falsified", en omdat verbode goedere nie geregistreer was nie.

In die dorp het hy 'n paar geheime Blanke en Swart agente aangehou om hom op die hoogte te hou van die bewegings en bedrywighede van plaaslike handelaars en Boere-agente.

Hy het spoedig agtergekom dat 'n meer uitgebreide organisasie nodig was. Hy moes meer agente hê en meer geld uitgee. Met verlof van die goewerneur-generaal het hy 'n paar Portugese gewerf om vir hom as agente in die doeane en spoorwegkantore op te tree. Ondergeskik aan dié agente in elkeen van die afdelings was ook 'n paar Swartes wat hy in die geheim in diens geneem het. Laasgenoemdes moes tydens en na werksure die kaaie en stasieperonne dophou.

Hy het die agente egter nie baie bevredigend gevind nie. Daar was by hulle 'n gebrek aan entoesiasme en energie, maar hy was genoodsaak om maar te doen wat hy kon met die materiaal tot sy beskikking.

Tydens die eerste periode van sy werksaamheid, dit wil sê tot en met Junie 1901, het hy feitlik elke dag 'n besoek aan die Portugese goewerneur-generaal gebring. Dikwels is op sy aandrang goedere van treine afgelaai en treine is selfs teruggeroep voordat hulle die grens bereik het. So is semi-kontrabandgoedere ontdek en aangehou. Die goewerneur-generaal was nogtans, volgens Crowe, baie traag om iets te doen om verdere voorvalle te voorkom. Na Crowe egter bewys gelewer het van omkopery, en dat dinamiet byvoorbeeld in persoonlike bagasie na die Transvaal vervoer is, moés die goewerneur-generaal noodgedwonge iets omtrent die saak doen. Ná allerlei beskuldigings en beroeringe in amptelike kringe in Lourenco Marques, is die direkteur van die doeane en verskeie van sy ondergeskikte amptenare uit hul poste ontslaan. Die direkteur is deur 'n militêre offisier vervang en by elke stasie tussen Lourenco Marques en die grens is 'n offisier en 'n wag geplaas om te sorg dat die goewerneur-generaal se bevele uitgevoer word. Die bevele was dat alle goedere wat op die spoorlyn vervoer word eers deur die militêre offisier ondersoek moes word en dat geen goedere vir die Transvaal by enige stasie langs die pad opgelaai mog word nie. Alle private en persoonlike bagasie moes ook deeglik ondersoek word. Hierna het, volgens Crowe, die deurvoer van kontraband vanaf Julie 1901 tot en met die Britse besetting van Komatipoort opgehou.[58]

Ten spyte van al die voorsorgsmaatreëls was Crowe se pogings blykbaar nie so

58. Foreign Office (Africa), Microfilm A282, vol. 365, pp. 184-185.

suksesvol as wat hy gerapporteer het nie. In November 1901 het die direkteur-generaal van die Britse mobilisasie- en inligtingsdiens daarop aangedring dat 'n ander plan in Mosambiek gemaak moes word, aangesien kapt. Crowe, ten spyte van die druk op die Portugese regering uitgeoefen en in weerwil van die aanwending van fondse tot sy beskikking, nog steeds nie die deurvoer van kontraband kon stopsit nie.[59]

Leyds en sy geheime agente het dus groot vernuf aan die dag gelê om die Britse spioenasienetwerk te uitoorlê. Ten spyte van al die Britse waaksaamheid in Europa en Lourenco Marques is kontraband tog deur allerlei slim sette onbespeurd deur Mosambiek na die Boere gesmokkel. En hierdie goedere moes grootliks daartoe bygedra het om die Boere in staat te stel om die stryd teen die oormag so lank vol te hou.

59. Foreign Office (Africa), Microfilm A318, vol. 562, p. 149.